DIE BURGER Dinsdag 5 April 2016

Albert Fritz, Wes-Kaapse minister van maatskaplike dienste. Foto: VERSKAF

'Kinders met FAS kos staat miljoene'

Kaapstad. – Alkoholmisbruik en onveilige seks onder jong meisies vererger die kanse dat babas aan fetale alkoholsindroom (FAS) ly.

Daarbenewens waarsku kenners dat die siekte eersdaags in 'n humanitêre krisis kan ontaard.

Die Wes-Kaapse departement van maatskaplike dienste het gister die uitslae bekend gestel van 'n drie jaar lange studie oor fetale alkoholsindroom (FAS) aan die Weskus.

"Dit is 'n baie ernstige probleem. Die kern van die probleem is die kultuur van mense wat roekeloos alkohol drink," het Albert Fritz, Wes-Kaapse minister van maatskaplike dienste, gesê.

Die studie is gedoen deur die Foundation for Alcohol Related Research (FARR), 'n plaaslike organisasie sonder winsbejag wat FAS navors.

Sowat 6,4% van die bevolking aan die Weskus het FAS.

Leana Olivier, hoofbestuurder van FARR, het gesê jong meisies wat nie bewus is dat hulle swanger is nie, vererger die probleem. "Die ontwikkeling van die fetus is in die begin van 'n swangerskap baie belangrik. Daar is baie gevalle waar meisies al drie maande swanger is sonder dat hulle dit weet. In dié tyd drink hulle steeds alkohol en beskadig onwetend die baba se lewe."

Die FARR skat minstens drie miljoen Suid-Afrikaners het dié sindroom. Hulle raam dat tot nege miljoen Suid-Afrikaners fetale alkoholspektrumafwykings mag hê.

"Die moontlike skade wat alkohol aan 'n ongebore baba se brein en intellektuele vermoë kan aanrig, is permanent en kan nooit genees word nie," het sy benadruk.

Robert McDonald, departementshoof van maatskaplike dienste, het gesê kinders met FAS kos die staat miljoene rande. "Daardie kind moet spesiale aandag by die skool kry. Hy of sy moet duur mediese sorg kry. In Suid-Afrika is van dié dienste gratis, maar dit kos die staat miljoene rande. Dit kan egter maklik voorkom word." – Jason Felix